

## 1 GEBED

*Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.*

## 2 DEEL (20 minute)

**[STILTETYE]**  
**HOSEA 2, JOËL 2, AMOS 5, JONA 1**

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Hosea 2, Joël 2, Amos 5, Jona 1). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.*

## 3 MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (20) ROMEINE 16:17

*Herhaal twee aan twee.*

**(20) Romeine 16:17.** Pas op vir die wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat hulle ontvang het. Bly weg van hulle af.

## 4 ONDERRIG (85 minute) [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE SKAPE EN DIE BOKKE

**“Die gelykenis van die skape en die bokke” in Matteus 25:31-46 is ’n gelykenis oor  
DIE OORDEEL IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

*Lees* Matteus 25:31-46.

### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

**Bespreek.** Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

**Aantekeninge.**

Dit is eintlik nie ’n *gelykenis* nie, alhoewel dit tog elemente van ’n gelykenis bevat. Byvoorbeeld, skape en bokke wei oordag saam as ’n gemengde groep. Maar as die herder hulle in die aand roep, dan reageer alleen die skape! Die skape hoor die stem van hul herder en kom na hom toe (Johannes 10:1-6). Maar bokke moet altyd bymekaar gedryf word!

Matteus 25:31-46 is ’n dramatiese beskrywing van die laaste oordeel deur gebruik te maak van simboliek.

### **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus hoofstuk 24 en 25.**

Dit beskryf die laaste oordeelsdag. Hierdie twee hoofstukke bevat die onderrig van Jesus Christus oor die laaste dinge (eskatologie). Die boodskap van hierdie twee hoofstukke is dat Christene waaksaam behoort te wees met die oog op die wederkoms van Jesus Christus wanneer Hy kom om mense te oordeel en te beloon. Die profesieë in hierdie hoofstukke verwys na gebeurtenisse in die nabye toekoms en na gebeurtenisse in die eindtyd.

In Matteus 24 word die aanstaande oordeel oor Jerusalem (deur die Romeine in 70 n.C.) en die eindoordeel van die hele wêreld (by die wederkoms van Christus) met mekaar verbind deur één grondige onderrig oor die laaste dinge (d.w.s., die laaste dinge vir Jerusalem en die laaste dinge vir hierdie wêreld)! Die katastrofale einde van Jerusalem dien as 'n tipe vir die katastrofale einde van hierdie wêreld.

In Matteus 25 leer die gelykenis van die wyse en dwase meisies dat waaksaamheid en voorbereiding elke dag van alle Christene vereis word, omdat die tydstip van die wederkoms van Christus onbekend is. Die gelykenis van die talente leer dat elke dag tot die wederkoms trou en ywer in die gebruik van die deur God gegee vermoëns en geleenthede van alle Christene vereis word. Op hierdie punt beskryf die Here Jesus Christus die laaste oordeelsdag in dramatiese en veral simboliese taal.

### **(2) Die verhaal van die gelykenis bestaan in die vorm van 'n beskrywing van die laaste oordeelsdag.**

### **(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis bestaan in dieselfde beskrywing van die laaste oordeelsdag.**

---

## **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

**Inleiding.** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.**

**Die troon van oordeel.** Die troon van oordeel is 'n relevante detail, omdat dit direk verband hou met die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Jesus Christus.

Waar staan hierdie troon? Êrens op die aarde of in die lug? Gebaseer op Sagaria 14:4 sê sommige Christene dat die troon van oordeel op die aarde sal staan (omdat hulle nog 'n 1000 jarige vrederyk op die aarde verwag)! Maar Sagaria 14:1-5 praat glad nie oor 'n troon nie! Sagaria beskryf die laaste dinge op “die dag van de HERE” op Ou-Testamentiese wyse, d.w.s., in terme van gebeurtenisse wat plaasvind met mense in Israel en in die land van Israel (sien Openbaring 20:8-9). In die boek van Openbaring staan die troon van God en van die Lam (Jesus Christus) deurgaans in die hoër streke (Openbaring 4:1-2; 5:6; 20:11-12; sien Matteus 19:28-29; 25:31). Die troon van oordeel staan waarskynlik in die lug omdat alle ware Christene in die lug “omhooggevoer” of “weggeruk” (Grieks: harpazó) (1 Tessalonisense 4:15-17; Openbaring 12:5) sal word om met vreugde Jesus Christus by sy wederkoms op die wolke te ontmoet, te verwelkom en te bewonder (2 Tessalonisense 1:10).

Sonder enige Bybelse grond beweer sommige Christene dat daar minstens drie trone van oordeel op verskillende chronologiese tye onderskei sou moet word.

- Hulle dink aan “die regterstoel van Christus” (2 Korintiërs 5:10) wat alleen vir die oordeel van Christene bedoel is by die sogenaamde “opname van die Gemeente” by die sogenaamde eerste terugkoms of “koms” (Grieks: parousia) van Christus, 7 of 3½ jaar voor die sogenaamde tweede terugkoms of “verskyning/openbaring” (Grieks: apokalupsis) van Christus. Hulle neem aan dat die regterstoel van Christus in die hemel sal staan.
- Hulle dink aan “die troon van Christus se heerlikheid” (ANV: sy koninklike troon)(Matteus 19:28; 25:31) wat vir die oordeel van alle nasies behalwe die volk van Israel bedoel is by die sogenaamde tweede terugkoms of verskyning van Christus. Daarna sou Jesus Christus sy 1000 jarige vrederyk op die aarde oprig. Hulle neem aan dat hierdie troon op die aarde sal staan (sien Sagaria 14:4).
- En hulle dink aan “die groot wit troon” (Openbaring 20:11) wat alleen vir die oordeel van alle ongelowiges en goddeloses bedoel is aan die einde van die sogenaamde duisendjarig vrederyk van Christus op die aarde (1000 jaar na die vorige twee eindoordele). Hulle neem aan dat hierdie troon in die hemel sal staan.

Maar hierdie drie verskillende name vir die troon van oordeel verwys al drie na één en dieselfde troon van oordeel by die één en enige wederkoms van Christus!<sup>1</sup>

**Die Regter.** Die regter is 'n relevante detail, omdat dit direk verband hou met die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Jesus Christus. Wie is hierdie Regter? Is Hy God die Vader of Jesus Christus?

---

<sup>1</sup> Netsoos die verskillende name vir Jesus Christus ook nie op verskillende christusse dui nie! En net soos die verskillende name vir die volk van God (Gemeente/Kerk) ook nie op verskillende volke van God dui nie! Sien handleiding 3, supplement 12.

In die goddelike werke as die skepping, die voorsienigheid, die verlossing en die oordeel, werk al Drie Persone van die Goddelike Drie-eenheid saam. Maar in hierdie Bybelgedeelte val die taak vir die laaste oordeel toe aan Jesus Christus as die Middelaar, as 'n beloning vir sy volbragte verlossingswerk (Daniël 7:13-14; Matteus 13:41; 16:27; 26:64; 28:18; Johannes 5:22-23,27-29; Filippense 2:9-10). Jesus Christus word “die Koning” genoem (Johannes 18:36; Openbaring 19:16) en Hy is bekleed met alle gesag in die hemel en op die aarde (Matteus 11:27; 28:18; Johannes 3:35; 13:3; Efesiërs 1:22).

Die persoon wat die laaste oes kom afmaai (Openbaring 14:14) en wat op die groot wit troon sal sit (Openbaring 20:11), is Jesus Christus (Matteus 19:28; Johannes 5:22; Openbaring 5:6). Die aarde en die sterre van die heelal sal wegvlug voor sy aangesig (Openbaring 6:14; 20:11). Dit beteken nie dat die geskape universum by die wederkoms “vernietig” word nie, maar eerder dat die universum en die aarde by die wederkoms van Christus volkome “herstel” (Grieks: apokatastasis) (Handelinge 3:21), “bevry” (Grieks: eleutheroó) (Romeine 8:21) of “nuut gemaak” (Grieks: kaina poieó) (Openbaring 21:1,5; sien 2 Petrus 3:10) sal word!

**Die engele.** Die engele is 'n relevante detail, omdat hulle direk verband hou met die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Jesus Christus. Wat is die funksies van die engele?

Engele word met die wederkoms van Jesus Christus geassosieer. Dan volg hulle Jesus en het vernaamlik twee take:

- **Na die opstanding uit die dood** (1 Korintiërs 15:42-49) en die transformasie van die nog lewende Christene op die aarde (1 Korintiërs 15:50-52) sal die engele God se uitverkorenes (die skape) vanuit die Ou-Testamentiese periode en die Nuwe-Testamentiese periode van elke plek op die aarde bymekaarmaak. Die uitverkorenes sal “saam in die wolke weggevoer word na 'n ontmoeting met Christus”<sup>2</sup> (1 Tessalonisense 4:15-17) om Hom te verwelkom, te bewonder en te verheerlik (2 Tessalonisense 1:10). Hierdie gelowiges is hulle wat onmiddellik “aangeneem (beter: saamgeneem)” word (Grieks: paralambanó) om Christus te ontmoet (Matteus 24:31,40a,41a).
- **Later op dieselfde laaste oordeelsdag** sal die engele “almal wat ander mense in sonde laat val en almal wat die wet van God oortree” (die bokke) uit sy koninkryk verwyder (Matteus 13:41) en hulle voor die regterstoel van Christus in die lug drywe vir die laaste oordeel. Daar sal Jesus Christus met die engele hulle aan die linkerkant opstel (Matteus 13:49; 25:31-33; Judas 1:14-15). Hierdie ongelowiges is hulle wat by die wederkoms van Christus eers deur die engele agtergelaat is (Matteus 24:40b,41b), maar daarna voor die regterstoel van Christus gedryf word en na die laaste oordeel met hul siel en hul liggaam in die hel gewerp word (Matteus 13:42,50; 2 Tessalonisense 1:7-9; Openbaring 14:17-20).

**Die volke.** Die volke is 'n relevante detail, omdat hulle direk verband hou met die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Jesus Christus. Wie is hierdie volke?

Sommige Christene meen dat die oordeel wat in Matteus 25:31-46 beskryf word 'n ander oordeel is dan die oordeel wat in Openbaring 20:11-15 beskryf word. Hulle sê dat Matteus 25 die laaste oordeel van die nie-christelike nasies (heiden nasies) is op basis van hoe hulle as nasie die Joodse volk (Israel) (as die “broer” van Jesus) behandel het en dat Openbaring 20 die laaste oordeel van ongelowiges en goddeloses 1000 jaar later sal wees. Hierdie mense sal almal nie-Jode wees, omdat hulle meen dat Romeine 11:26 leer dat alle Jode gered sou word. Maar op grond van Romeine 10:12 maak dit na die eerste koms van Jesus Christus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie!

Die laaste oordeel wat in Matteus 25, 2 Korintiërs 5:10 en in Openbaring 20 beskryf word, is één en dieselfde laaste oordeel! Die laaste oordeel wat in Matteus 25 beskryf word, is netso universeel en finaal as die laaste oordeel wat in Openbaring 20 beskryf word! Matteus spreek oor “al die volke” (vers 32) en noem die Joodse volk met geen enkel woord nie! En Openbaring spreek oor “die dooies, groot en klein” wat voor die troon staan. Die skrywers sluit niemand uit hierdie algemene opstanding uit die dood of uit die laaste oordeel nie! Bowendien sê Matteus 19:28 spesifiek dat “in die wedergeboorte” (Grieks: paliggenesia) van die heelal (ANV: wanneer alles nuut gemaak word)(d.w.s. by die wederkoms) die twaalf apostels oor “die twaalf stamme van Israel” (dus almal wedergebore mense in die sin van alleen Jode of in die sin van gelowige Jode en gelowige Christene!) sal “oordeel in die sin van in heerlijkheid en eer oor hulle sal heers” (Grieks: krinó) (vergelyk 1 Korintiërs 6:2-3).

Daniël 12:2, Johannes 5:28-29 en Handelinge 24:15 leer dat alle onregverdige en alle regverdige mense op die aarde tegelyk uit die dood sal opstaan en geoordeel sal word. Die Bybel leer alleen één wederkoms, één opstanding van alle dooies en één laaste oordeel vir alle mense! Die volke wat voor die troon van Christus se heerlijkheid gebring word bestaan uit alle mense wat ooit op die aarde geleef het, ongeag hul vroeë ras of nasionaliteit!

**Die skape en die bokke.** Die skape en die bokke is 'n relevante detail, omdat hulle direk verband hou met die laaste oordeelsdag by die wederkoms van Jesus Christus. Wie is hierdie skape en bokke? Sien punt 5.

“Skape” en “bokke” is Ou-Testamentiese simbole. Die “skape” simboliseer die mense wat in Jesus Christus glo en Hom volg. Hulle is sagmoedig en gehoorsaam (Psalm 79:13; Johannes 10:3-4,27). Die “bokke” egter simboliseer die mense wat opstandig, onbeheersd en vernietigers is (Esegiël 34:17-19; Daniël 8:5,7,21).

**Die geringste van hierdie broers van Jesus.** Op die laaste oordeelsdag sal die manier waarop iemand een van die geringste van die broers van Jesus behandel het (Matteus 25:40), bepaal of hy as 'n “bok” of 'n “skaap” beskou sal

<sup>2</sup> Grieks: hama sun autois harpagmésometha en nefalais eis apantésin (Matteus 25:6, Handelinge 28:15) tou kuriou eis aera

word. Hebreërs 2:11-12 leer dat “Jesus en ’n broer van Jesus” “uit één” (uit dieselfde familie, van bo gebore) is en Matteus 12:50 leer dat “’n broer van Jesus die wil van God doen” (sien Matteus 28:10). Matteus 25 maak onderskeid tussen Christene en nie-Christene (regverdiges en onregverdiges) en nie tussen Jode en nie-Jode nie! “Die geringste van die broers van Jesus” is dus Christene wat hulp nodig het as hongerige, eensame, arm, siek, gevange en vervolgte Christene. Kortom, dit verwys na behoeftige Christene.

**Die skape verteenwoordig die regverdige mense.** Die skape is relevant omdat dit ’n direkte uitspraak van Jesus oor die laaste oordeel by die wederkoms is. Waarom word die skape “regverdig” genoem?

Dit gaan hier oor geregtigheid wat toegereken word, geregtigheid wat meegedeel word en geregtigheid wat geleef word. Die woorde van Jesus aan die regverdige toon aan dat hulle elke dag regverdig geleef het: hulle was trou, liefdevol, barmhartig, en vriendelik teenoor ander mense, selfs teenoor die geringste Christene. Hierdie Christene het aangetoon dat hulle dissipels van Jesus Christus is, nie deur skouspelagtige wonderwerke wat hulle gedoen het of groot werke wat hulle verrig het nie (Matteus 7:21-23), maar in die gewone klein dinge van die lewe: voedsel, kleding en aandag (Matteus 10:40-42; 25:35-36). Hierdie opregte volgelinge van Jesus Christus word geseën. Hulle het mense spontaan en nederig, met blydskap en dankbaarheid gedien en na afloop het hulle nie meer daaraan gedink nie!

**Die bokke verteenwoordig die onregverdige mense.** Die bokke is relevant omdat dit ’n direkte uitspraak van Jesus oor die laaste oordeel by sy wederkoms is. Waarom word die bokke onregverdig genoem?

Die bokke is onregverdig, nie alleen omdat hulle deur hul ongeloof nie geregtig was nie, maar ook omdat hulle nagelaat het om regverdig te lewe! Die woorde waarmee Jesus die onregverdige mense veroordeel het, wys dat hulle veral veroordeel word vanweë hul sonde van nalatigheid! Nie die slegte dinge wat hulle gedoen het nie, maar die goeie dinge wat hulle versuim het om te doen, word veroordeel! Geen enkel sonde of goddelose daad soos moord, egbrek, diefstal, ens. word hier genoem nie, maar alleen die sonde van nalatigheid (versuim). Hulle het geen liefde, geen barmhartigheid en geen vriendelikheid aan ander mense getoon nie, veral nie aan die geringste Christene nie. Hul verbasing oor die uitspraak van Jesus wys dat hulle hulself mislei het om te dink dat hulle nie onregverdig was nie, maar menslik gesien “goeie mense” was.

**Die grond vir die verlossing is genade.** Dit is relevant, omdat Jesus die grond vir verlossing leer in samehang met die laaste oordeel by sy wederkoms. Wat is die enige grond vir verlossing?

In Matteus 25 selfs vóórdat die regverdige werke genoem word, het Jesus al die nadruk gelê op die feit dat die basis vir hul verlossing en die basis vir al hul goeie werke daarna gelê het in die feit dat God hulle uitverkies het om die koninkryk van God (in sy definitiewe fase) vir alle ewigheid te beërwe (Matteus 25:34). Of God hulle “vóór die skepping uitverkies het” (Efesiërs 1:4) of “vanaf die skepping van die wêreld voorberei het” (Matteus 25:34), maak geen verskil nie, omdat die resultaat dieselfde bly! Nie die goeie werke van die regverdige mense nie, maar die soewereine barmhartigheid en genade van God is die fondament van hul verlossing. Hul goeie werke is alleen die vrug en nie die wortel van genade nie! Dus al die eer moet aan God gegee word!

’n Boom illustreer die verhouding tussen genade, geloof en goeie werke. “Die wortel” verteenwoordig God se genade, “die stam” verteenwoordig hul geloof en “die vrugte” verteenwoordig hul goeie werke (sien Efesiërs 2:8-10).

**Die maatstaf (kriterium) vir die verlossing is geloof.** “Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf (letterlik: toorn) van God bly op hom” (Johannes 3:36). “God het julle (letterlik:) vanaf die begin uitverkies om gered te word deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo. Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus” (2 Tessalonisense 2:13-14). Wat is dan die maatstaf vir verlossing? Die maatstaf vir verlossing is geloof in Jesus Christus. Alle mense sal geoordeel word vir hul geloof of ongeloof in Jesus Christus.

**Die maatstaf (kriterium) vir die oordeel is werke.** Dit is relevant, omdat Jesus dit direk impliseer in vers 34. “God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad” (Prediker 12:14). “Hy sal elkeen vergeld volgens sy daad” (Romeine 2:6). “Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry” (Efesiërs 6:8).

Die bewys vir ’n opregte geloof of ongeloof sal bestaan uit wat mense “vir een van geringste van hierdie broers van Jesus Christus gedoen het”, dit wil sê, hoe hulle ander Christene behandel het (Matteus 25:40,45).

Die goeie werke van gelowiges, hetsy baie of min, sal die bewys wees van hul opregte geloof. Die sondes van versuim van die ongelowiges, hetsy baie of sporadies, sal die bewys wees van hul ongeloof. Op die laaste oordeelsdag sal die goeie werke van die gelowiges (as bewys van hul opregte geloof) of die versuim van die ongelowiges (as bewys van hul ongeloof) in die openbaar afgekondig word. Die maatstaf (kriterium) vir die laaste oordeel is dus die werke van mense.

Wat verlossing of verdoemenis betref, kan die wet alleen maar ’n mens veroordeel as “skuldig” en “verlore” (1 Timoteüs 1:8-11). Maar wat die laaste oordeel betref funksioneer die wet as die maatstaf of standaard waardeur gelowiges beloon sal word en ongelowiges verdoem sal word. Verlossing word bepaal deur die verhouding wat ’n Christen het met Jesus Christus op die moment dat hy ’n Christen word. Mense wat glo, word gered, maar mense wat

nie glo nie, bly veroordeel (verdoem). Dit word aan die begin van hul Christen lewe bepaal. Maar die oordeel word bepaal deur die werke van die Christen tydens sy lewe. Dit word pas aan die einde van die geskiedenis bepaal. Regverdig lewe word beloon en onregverdig lewe word gestraf. Die regverdiges (die Christene) sal gered word op grond van hul uitverkiesing, wat duidelik tot openbaring kom in hul roeping, regverdiging deur hul geloof en heiliging (goeie werke). Die onregverdiges (die nie-Christene) sal veroordeel word op grond van hul ongeloof, ongeregtigheid en gebrek aan geregtigheid (goeie werke).

**Die onregverdige mense sal die ewige duisternis beërwe.** Dit is relevant, omdat Jesus dit direk leer. Wat word die straf vir die goddelose en onregverdige mense?

Die bokke, d.w.s., die goddelose en onregverdige mense, sal in die hel gegooi word. Daar sal hulle vir ewig geskei wees van God se liefdevolle en sorgende teenwoordigheid (Daniël 12:2; Matteus 25:46; 2 Tessaloniense 1:8-9). Hul pyniging sal tot in alle ewigheid voortduur (Jesaja 66:24; Markus 9:48; Openbaring 14:11; 18:21-23).

**Die regverdige mense sal die ewige lewe beërwe.** Dit is relevant, omdat Jesus dit direk leer. Wat word die erfenis van die regverdige mense?

Die skape, d.w.s., die regverdige mense (die gelowige Christene) wat uit genade en deur geloof verlos is, sal die koninkryk beërwe wat vanaf die skepping van die wêreld vir hulle voorberei is. Die koninkryk in hierdie verband is die koninkryk in sy laaste en definitiewe fase as die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die regverdige mense hoef die koninkryk nie te verower nie en kan dit ook nie deur hulle eie werke beërwe nie. Hulle ontvang die koninkryk as God se soewereine en genadige geskenk (Johannes 3:3; Romeine 8:17; Kolossense 1:13). Hulle sal die koninkryk ontvang as 'n onwankelbaar en onvervreembaar (wat nie oorgedra kan word nie) besit (Hebreërs 12:28). Ware Christene het reg op die koninkryk van God (Matteus 5:3,10,19; Johannes 3:3) en sal dan feitelik erfgename van God se koninkryk word (Matteus 25:34)! Alle beloftes met betrekking tot hul volledige en volmaakte verlossing van gees en liggaam, en met betrekking tot die vernuwing van die heelal, sal dan progressief en vir ewig in vervulling gaan! In die ewige lewe sal hulle nooit meer honger of dors hê nie (Openbaring 7:16). Hulle sal nooit meer die dood of leed, smart en pyn ervaar nie, want die ou orde van dinge op hierdie teenswoordige aarde sal vir ewig verby wees. In die nuwe hemel en aarde sal alles nuut word (Openbaring 21:3-5).

---

#### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

**Bespreek.** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

**Die gelykenis van die skape en die bokke in Matteus 25: 31-46 gaan oor “die oordeel in die koninkryk van God. Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Christene en nie-Christene sal op die laaste oordeelsdag by sy wederkoms deur Jesus Christus geoordeel word op basis van hul verhouding tot Jesus Christus en hul gedrag teenoor Jesus Christus en sy ware volgelinge.”**

Die laaste oordeelsdag is één van die fundamentele kenmerke van die koninkryk van God. Die ware volk van God of burgers van die koninkryk van God (die skape) glo in die laaste oordeelsdag. Hulle bewys dat hul geloof in Jesus Christus opreg is deur die manier waarop hulle die ware volgelinge van Christus (die Christene) op hierdie aarde vóór die laaste oordeelsdag behandel het. Hulle sal seker God se koninkryk in sy laaste fase as die nuwe hemel en die nuwe aarde beërwe.

Die laaste oordeel is om vier redes noodsaaklik:

- Alle mense wat ooit op die aarde geleef het, moet geoordeel word met betrekking tot hul werke (Romeine 2:6-11; 1 Korintiërs 3:11-15; 2 Korintiërs 5:10).
- Die geregtigheid van God in sy verlossing en in sy oordeel moet in die openbaar getoon word, sodat God in Jesus Christus verheerlik sal word (Romeine 3:21-24; 11:36; 2 Tessaloniense 1:10; Openbaring 15:3-4).
- Die geregtigheid van Christus (deur sy dood en opstanding) moet in die openbaar in die gelyk gestel word. Alle mense moet openlik erken dat Hy geen misdadiger was nie, maar die Verlosser en Here. Alle mense moet Christus in sy volle heerlikheid by sy wederkoms met die gestorwe heiliges sien (Openbaring 1:7; Filippense 2:9-10; 1 Tessaloniense 4:14-17; 2 Tessaloniense 1:10).
- Die onregverdige vervolging van Christene deur die nie-Christene moet deur alle mense in die volle lig gesien word (Openbaring 20:12-13).

## 5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

**Inleiding.** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

**Lees.** Johannes 5:28-29; Handeling 1:11; 24:15; 2 Tesseloniese 1:5-10; Openbaring 20:11-15.

**Ontdek en bespreek.** Wat leer die Nuwe Testament oor die laaste oordeel? Hoeveel laaste oordele sal daar wees?

**Aantekeninge.** Daar is twee gesigspunte. Die eerste gesigspunt is onbybels en dus verkeerd. Die tweede gesigspunt is Bybels en dus reg.

### (1) Verskillende laaste oordeelsdae – 'n onbybels leerstelling.

Die bedelingeleer leer dat daar verskillende laaste oordeelsdae sal wees wat saamhang met hul leerstelling dat daar twee wederkomste van Jesus Christus sal wees (geskei deur 3½ of 7 jaar van mekaar) en twee afsonderlike opstandings uit die dood sal wees (geskei deur minstens 1000 jaar van mekaar).

**Die eerste laaste oordeelsdag vir Christene.** Op grond van 2 Korintiërs 5:10 leer hulle dat daar 'n laaste oordeelsdag sal wees alleen vir Christene by sy eerste terugkoms (sy sogenaamde “koms” vir die wegraping van die Gemeente) (Grieks: parousia). Die maatstaf vir hierdie oordeel sal geloof in Jesus Christus wees. Hierdie denkbeeld is verkeerd!

**Die tweede laaste oordeelsdag vir die nasies.** Op grond van Bybelgedeeltes soos Joël 3:2,12; Matteus 19:28 en Matteus 25:31-46 leer hulle dat daar 'n laaste oordeelsdag sal wees alleen vir die nie-Joodse volke (heidennasies) by sy tweede terugkoms (sy sogenaamde “openbaring/verskyning met die Gemeente) (Grieks apokalupsis). Hierdie verskyning van Christus sal 7 of 3½ jaar of selfs 'n klein oomblik na die eerste koms en vóór die duisendjarige vrederyk plaasvind). Die maatstaf vir hierdie oordeel sal nie geloof in Jesus Christus wees nie, maar die manier waarop die nie-Joodse volke (die heidennasies) die Joodse volk (Israel) behandel het. Die bedelingeleer beskou die Jode as “die broers van Jesus” (sien Matteus 25:40) en alle Jode sal gered word (sien hul uitleg van Romeine 11:26). Hierdie denkbeeld is verkeerd!

**Die derde laaste oordeelsdag vir nie-Christene.** En op grond van Openbaring 20:11-15 leer hulle dat daar 'n laaste oordeelsdag sal wees alleen vir nie-Joodse (heidense) ongelowiges aan die einde van die sogenaamde duisendjarige vrederyk. Die meeste aanhangers van hierdie bedelingeleer glo dat die meeste nie-Jode (heidene) verdoem sal word. Hierdie denkbeeld is verkeerd!

Die bedelingeleer is NIE Bybels nie!

### (2) Die laaste oordeelsdag – die Bybelse leerstelling.

**Die periode van duisend jaar.** Die Bybel leer nie 'n sogenaamde duisendjarige vrederyk nie, maar 'n simboliese duisendjarige periode tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms (Openbaring 20:1-7).<sup>3</sup> Die getal “1000” is 'n simboliese getal en kom slegs ses keer voor in één gedeelte in die Bybel. Die boek Openbaring is 'n Apokalips wat gebruik maak van simbole en getalle wat figuurlik uitgelê moet word (Grieks: sémainó) (Openbaring 1:1)! Die simbole en getalle verwys na letterlike werklikhede wat die letterlike waarde van die simbole en getalle verre te bowe gaan. Die simboliese 1000 jaar (sien Psalm 90:4; 2 Petrus 3:8) is 'n uiters volledige tydspan (die getal “10”) wat deur die Drie-enige God (die getal “3”: 10 x 10 x 10) besluit is en wat strek oor alle generasies (sien Eksodus 20:6; Psalm 105:8).

Die simboliese periode van “1000 jaar” BEGIN duidelik met die binding van de satan by die eerste koms van Christus twee duisend jaar gelede (Matteus 12:28-30; Matteus 28:18; Lukas 10:18-20; Johannes 13:3; Johannes 12:31-32; Romeine 16:20; Efesiërs 1:20-22; Kolossense 1:13; Kolossense 2:15; Hebreërs 2:14; 1 Petrus 3:22; 1 Johannes 3:8; 1 Johannes 5:18; Openbaring 12:5-11; Openbaring 20:1-3)!

**TYDENS** hierdie simboliese periode van 1000 jaar, as Christene sterf “lewe hulle eens en vir altyd” (in die teenwoordigheid van Christus), (i.p.v. ANV: hulle het lewend geword) (Grieks: ezésan , zaó) (aoristus tyd).

Die simboliese periode van “1000 jaar” EINDIG duidelik by die wederkoms van Christus (vgl. Openbaring 11:7-18) waar die volgende gebeurtenisse plaasvind:

- **Die groot verdrukking kom tot 'n einde met die laaste oorlog**, waar die satan en al sy antichristelike bondgenote onherroeplik verslaan sal word en vir ewig van die aarde verwyder sal word (Matteus 24:21-24; 2 Tesseloniese 2:1-12; en die volgende parallelle beskrywings: Openbaring 3:10; Openbaring 6:9-11; Openbaring 9:11-21; Openbaring 11:7-10; Openbaring 13:7-8; Openbaring 16:12-16; Openbaring 16:17-20; Openbaring 17:9b-18; Openbaring 18:1-24; Openbaring 19:11-21 en Openbaring 20:7-10).
- **Die enige liggaamlike opstanding van alle dode** (Johannes 5:28-29; Handeling 24:15; en die volgende parallelle beskrywings: 1 Korintiërs 15:35-57; 2 Korintiërs 5:1-9; Filippense 3:20-21; 1 Tesseloniese 4:14-16; 1 Johannes 3:2-3; Openbaring 11:11-12; Openbaring 20:12a,13-14).

<sup>3</sup> sien handleiding 1, les 10 Agt sleutels vir die uitleg van die Boek Openbaring en [www.Deltacursus.nl](http://www.Deltacursus.nl) Openbaring 20.



- **Die opname (wegrapping) van Christene** (Matteus 24:29-31,40-41; Matteus 25:10; 1 Tessalonisense 4:13-17; 1 Tessalonisense 5:1-2; 2 Tessalonisense 1:10; Openbaring 11:12).
- **Die enige laaste oordeel van alle mense** in die lug (Matteus 25:31-32; 2 Korintiërs 5:10; 2 Tessalonisense 1:5-9; en die volgende parallelle beskrywings: Openbaring 11:18; Openbaring 14:6,14-20; Openbaring 20:11a,12b).
- **Die vernuwung van alle dinge** (sodat die nuwe hemel en die nuwe aarde tot stand kom) (Matteus 24:35; Handeling 3:21; 2 Petrus 3:10-13; Openbaring 20:11b; Openbaring 21:1 – 22:6).

Die simboliese periode van “1000 jaar” volg nie op die groot verdrukking wat in Matteüs 24:21-25 genoem word nie, maar eindig met hierdie groot verdrukking by die wederkoms van Christus (Matteus 24:26-31).

Dus, die getal “1000 jaar” is ’n simboliese getal wat die letterlike messiaanse periode of die Nuwe-Testamentiese periode aandui, die periode vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms! Die boek van Openbaring leer nie ’n letterlike Duisendjarige Vrederyk<sup>4</sup> ná die wederkoms van Christus nie, maar eerder ’n Ingewyde, Gerealiseerde of Teenswoordige Millennium (’n simboliese periode van 1000 jaar) waarin ons nou al lewe!

### Één wederkoms.


Volgens 2 Tessalonisense 1:8-9 sal die één en enige laaste oordeelsdag plaasvind by die één en enige “wederkoms” van Jesus Christus (Grieks: erchomai in 2 Tessalonisense 1:10 en parousia in 2 Tessalonisense 2:1) of “openbaring/verskyning” (Grieks: apokalupsis in 2 Tessalonisense 1:7) van Jesus Christus. Matteus 24:39-41 gebruik die woord “koms” (Grieks: parousia), maar dieselfde beskrywing in Lukas 17:30-35 gebruik die woord “openbaring/verskyning” (Grieks: apokaluptomai). Dus daar is geen verskil tussen “die koms” of “die verskyning” van Jesus Christus nie! Hierdie woorde mag nie gebruik word om twee wederkomste te poneer nie. Die gelowiges (Christene) sal “opgeneem (weggeraap, weggeruk) word” (Grieks: harpazó)(toekomstige tyd, passief) in die wolke na “’n ontmoeting met die Here in die lug” (Grieks: eis apantésin tou kuriou eis aera) (1 Tessalonisense 4:17) netsoos Jesus Christus *eens en vir altyd* “weggeruk is” (Grieks: harpazó) (aoristus, passief) na God en sy troon by sy hemelvaart (Openbaring 12:5). Hulle sal Christus verwelkom, bewonder en verheerlik (2 Tessalonisense 1:10).

Die Bybel leer nie twee wederkomste van Christus nie, maar slegs één wederkoms (Handeling 1:11 en alle gelykenisse van Jesus)!

### Één liggaamlike opstanding.

Die Bybel leer nie twee liggaamlike opstandings uit die dood nie, maar slegs één liggaamlike opstanding uit die dood by die wederkoms van Christus (Johannes 5:28-29; Handeling 24:15)

Openbaring 20:4-6 is ’n stylfiguur (chiasme)<sup>5</sup>!



- **Die eerste dood** (geïmpliseer) verwys na *die dood van die liggaam van sowel Christene as nie-Christene*.
- **Die eerste opstanding** is ’n figuurlike uitdrukking vir ’n letterlike gebeurtenis, naamlik nie die opstanding van die liggaam nie, maar van die (enige) opstanding van die gees (siel) (Grieks: *psuché*) van alleen Christene (Openbaring 20:4)

Tydens die simboliese periode van 1000 jaar, as Christene sterf “lewe hulle eens en vir altyd” (in die teenwoordigheid van Christus) (Grieks: *ezésan < zaó*) (ANV: “hulle het lewend geword” suggereer te veel ’n liggaamlike opstanding). Dit is ’n verwysing na die eenmalige geestelike opwekking/oorplasing in die geestelike werklikheid van die hemel, ’n verwysing na hul letterlike geestelike lewe in hemelse heerlikheid ná hul liggaamlike dood (Prediker 12:7; sien Lukas 16:22; Lukas 23:43; 2 Korintiërs 5:1,8; Filippense 1:23; Kolossense 3:3-4; 1 Tessalonisense 4:14; 1 Tessalonisense 5:10; Openbaring 14:13; Openbaring 20:4). Dit word *“die eerste opstanding”* genoem. Dit is nie ’n liggaamlike opstanding nie, maar ’n geestelike opstanding.

Die siele van nie-Christene “het nie gelewe nie (het nie in die teenwoordigheid van Christus gekom nie) totdat die simboliese 1000 jaar periode verby was nie” (Grieks: ouk ezésan achri telesthé ta chilia eté). Hulle word nie na die hemel oorgeplaas nie, maar verkeer in die hel tot die wederkoms, wanneer hulle voor Christus in die laaste oordeel sal staan (sien Markus 8:34-38; Markus 9:43-48; Lukas 16:23; 2 Petrus 2:9; Openbaring 20:5 en Matteus 25:31-33).

Die woord “lewe” (Grieks: *zaó*) het dieselfde betekenis in:

- Lukas 20:37-38. Lewe vóór die eerste koms van Christus. Die God van Abraham, Isak en Jakob is nie die God van (fisiese) dooies (Grieks: *nekrón*) nie, maar van (geestelike) lewendes (Grieks: *zóntón < zaó*)(deelwoord, onvoltooid teenwoordige tyd, aktief). Vir God “lewe” (Grieks: *zósín < zaó*) (onvoltooid teenwoordige tyd) die aartsvaders.
- Johannes 11:25. Lewe ná die eerste koms van Christus. Ook al sterf hy *eenmaal* (liggaamlik) (aoristus), sal hy (sy gees) *sekerlik/regtig* “lewe” (Grieks: *zósetai < zaó*) (toekomstige tyd).

<sup>4</sup> Die woord “ryk” of “koninkryk” word nie eers in Openbaring 20:1-7 genoem nie!

<sup>5</sup> Chiasme. Die tweede frase is ’n omkering van volgorde in die eerste frase.

- 1 Tessalonisense 5:10. Lewe ná die wederkoms van Christus. Christus het ter wille van ons Christene gesterwe (en opgestaan), sodat of ons nog waak (lewe by sy wederkoms) of (ons liggaam reeds in die dood) slaap (Grieks: katheudó), ons *eens en vir altyd* saam met (Grieks: hama sun) Christus “lewe” (Grieks: zósómen < zaó) (aoristus).

- **Die tweede opstanding** (geïmpliseer) verwys na die (één en enige) opstanding van die liggaam van sowel Christene as nie-Christene by die wederkoms van Christus.
- **Die tweede dood** verwys na die (een en enige) ewige dood van alleen nie-Christene. Dit is ’n figuurlike uitdrukking vir ’n letterlike gebeurtenis, naamlik, nie die liggaamlike dood nie (want dit het alreeds in die verlede gebeur), maar die ewige dood, d.w.s., dat die liggaam en gees (siel) van die ongelowige en ongehoorsame (onheilige en onregverdige) mens op die laaste oordeelsdag in die hel gegooi word (Matteus 10:28; Openbaring 21:8).

Vergelyk hierdie figuurstyl (chiasme) in Openbaring 20:4-6 met die Evangelie van Johannes 5:24-29 wat ook praat oor “’n geestelike opstanding” (by die wedergeboorte) en “’n liggaamlike opstanding” (by die wederkoms)! Die geestelike opstanding van alleen gelowiges in Christus vind plaas vanaf die eerste koms van Christus tot vandag. Hul dooie gees (siel) (Efesiërs 2:1) word lewend gemaak (Efesiërs 2:4), d.w.s., word weergebore (Johannes 3:3-8). Maar Johannes 5:28-29 spreek oor die liggaamlike opstanding van alle mense by die wederkoms van Christus en die laaste oordeel. Sowel die geestelike opstanding as die liggaamlike opstanding is letterlike en werklike gebeurtenisse!

Op die dag sal ongelowiges (nie-Christene) die ewige verderf ondergaan en van die teenwoordigheid van die Here uitgesluit word (2 Tessalonisense 1:8-9; Matteus 25:41). Maar die gelowiges (Christene) sal Christus verwelkom, bewonder en verheerlik (2 Tessalonisense 1:10) en die koninkryk van God in sy definitiewe fase beërwe (Matteus 25:34).

### **Één oordeelsdag.**

Die Bybel leer ook geen verskillende laaste oordeelsdae nie, maar slegs één finale laaste oordeelsdag onmiddellik ná die wederkoms en die opstanding van die liggaam van mense by die wederkoms (Matteus 25:31-33; 2 Korintiërs 5:10; 2 Petrus 3:3-13; Openbaring 20:11-15)!

- **Die opstanding.** Volgens die gedeelte in Matteus staan die dode liggame van Christene (wat in grafte lê) uit die dood op en word by die wederkoms van Jesus met hul menslike geeste verenig, wanneer Hy met hulle terugkom (1 Tessalonisense 4:14). Christene wat by die wederkoms dan nog op die aarde lewe word volledig veranderd/getransformeer (1 Korintiërs 15:42-55).
- **Die wegraping (opname).** Dan word alle Christene met liggaam en gees in die wolke “weggeruk” (sien Openbaring 12:5) of “weggevoer” (1 Tessalonisense 4:17) (Grieks: harpazó) of “aangeneem” (beter: saamgeneem met die engele) (Grieks: paralambanomai) (Matteus 24:31,40a-41a) “na ’n ontmoeting (Grieks: eis apantésin) met die Here Jesus Christus in die lug”. Dit is die sogenaamde “wegrapping van die Gemeente”, wat origins NIE 3½ of 7 jaar vóór die wederkoms van Christus, maar WEL by die wederkoms van Christus plaatsvind! Al hierdie Christene word “die skape” (Matteus 25:33), “sy koring” (Matteus 3:12), “die goeie saad”, “die kinders van die koninkryk” of “die regverdiges” (Matteus 13:36-43) genoem. Hulle word almal in die wolke in die lug boontoe weggeruk om die Here Jesus Christus “te ontmoet, te verwelkom en te bewonder” (2 Tessalonisense 1:10; sien Handeling 28:15).  
Matteus 25:6 sê: “In die middel van die nag was daar ’n geroep: Hier kom die bruidegom. Gaan hom tegemoet” (Grieks: idou ho numfios, exerchesthe eis apantésin autou). Vers 10 sê: “Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.” Die woorde: “eis apantésin” verwys na die wederkoms van Jesus Christus wat plotseling en onverwags kom en na mense wat hom tegemoet gaan en ander wat nie deelneem aan hierdie ontmoeting (sien Matteus 24:40-41) en ook nie aan die bruilofsfees nie.  
Die woorde “eis apantésin” word in Handeling 28:15 gebruik van die gelowiges wat van Rome uitgegaan het om Paulus te ontmoet en te verwelkom voordat hulle almal na Rome terugkeer het.  
Die woorde “eis apantésin” word in 1 Tessalonisense 4:16-17 gebruik van die gelowiges wat van die ou aarde weggeruk (weggevoer, opgeneem) (Grieks: harpazó) word om Jesus by sy wederkoms in die wolke te ontmoet, te verwelkom, te bewonder (2 Tessalonisense 1:7-10) en op hierdie enigste oordeelsdag geoordeel te word (Matteus 25:31-33), tegelyk met die oordeel van die ou aarde (Matteus 24:29-31; Romeine 8:19-23; 2 Petrus 3:10-13; sien Openbaring 6:12-17; 16:17-21; 20:11) voordat hulle saam met Christus (as die Nuwe Jerusalem) neerdaal op die nuwe aarde (Openbaring 21:1-2) om vir ewig saam met Christus te lewe (1 Tessalonisense 4:18; 5:10; Openbaring 21:3-5)!
- **Die nie-Christene.** Die nie-Christene word aanvanklik op die aarde “agtergelaat” (sien Matteus 24:40b,41b). Hulle sal geen deel hê aan hierdie verwelkoming van Christus nie. Later op dieselfde dag van die wederkoms, sal die nie-Christene deur engele ook voor die regterstoel van Christus in die lug gedryf word en in die vurige oond gegooi word (Matteus 13:40-42,48; Matteus 25:32-33). Hierdie nie-Christene word “die bokke” (Matteus 25:33), “die kaf” (Matteus 3:12), “die onkruid”, “die kinders (ANV: aanhangers) van die bose” of “mense wat ander mense in sonde laat val en die wet van God oortree” (Matteus 13:36-43) genoem.

Die juiste gesigspunt is dat daar maar één finale/laaste oordeelsdag vir alle mense sal wees (sien Matteus 25:46)!



### (3) Die maatstaf by die laaste oordeel.

*Lees* Lukas 10:20; Openbaring 13:7-8; 20:11-15; 21:8.

*Ontdek en bespreek.* Wat sal die maatstaf (kriterium) van die regter Jesus Christus op die laaste oordeelsdag wees?

*Aantekeninge.* Volgens Openbaring 20:11-15, sal op die één en enige laaste oordeelsdag (Openbaring 20:12) alle mense wat ooit in die geskiedenis van die wêreld gesterf het, die dood (die toestand van dood-wees) en Hades (die plek van die dooie liggeme, die graf) “opgee”, d.w.s., hulle sal almal uit die liggaamlike dood opstaan (Openbaring 20:13; sien Johannes 5:28-29; Handeling 24:15). Dit is die einde van “die dood” en “Hades”, omdat hulle altwee in die hel vernietig sal word (Openbaring 20:14).

Alle mense, gelowiges en ongelowiges, “sal geoordeel word volgens wat daar in die boeke en in die boek van die lewe geskrywe staan” (Openbaring 20:12-15). Elke mens sal geoordeel word in ooreenstemming met wat hy/sy gedoen het, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad (Prediker 12:14; Romeine 2:6-11; 2 Korintiërs 5:10). Al hierdie dinge staan in die boeke in die hemel opgeteken. Dus, mense word geoordeel met betrekking tot die volgende:

- hul werke in verhouding tot die algemene openbaring (Prediker 12:14; Romeine 1:19-20; Romeine 2:5-12a,14-15)
- hul werke in verhouding tot die besondere openbaring (Romeine 2:12b-13; Romeine 3:10-20)
- hul werke in verhouding tot die evangelieverkondiging (Romeine 3:21-31).

Alle ongelowiges (mense wat nie in Jesus Christus glo nie) sal in die poel van vuur gegooi word, omdat hulle name nie in die boek van die lewe gevind is nie (Openbaring 20:15). Maar alle gelowiges (mense wat in Jesus Christus glo) sal die nuwe hemel en die nuwe aarde beërwe, omdat hul name in die boek van die lewe geskrywe staan.

### (4) Die skape en die bokke.

*Lees.* 1 Johannes 1:9-11; 3:4-10.

*Ontdek en bespreek.* Wie is die skape en wie is die bokke?

*Aantekeninge.* Volgens 1 Johannes 1:9-11 en 3:4-10 is daar ’n baie duidelike onderskeid tussen “die kinders van die duiwel” en “die kinders van God”. Die kinders van die duiwel word gekenmerk deurdat hulle nie uit God gebore is nie (d.w.s., nie wedergebore is nie), aanhou om in sonde te lewe, versuim om die geregtigheid te doen, en Christene nie liefhet nie. Die kinders van God word gekenmerk deurdat hulle uit God gebore is, nie meer in die sonde bly lewe nie, die geregtigheid doen en ander Christene liefhet. Hierdie Bybelgedeelte maak duidelik dat die “bokke” ’n simbool van die kinders van die duiwel is en die “skape” ’n simbool van die kinders van God is.

Elke mens wat nie ’n kind van God is deur geloof in Jesus Christus nie, is ’n kind van die duiwel. Elke opregte kind van God het Jesus Christus lief (Johannes 8:42)! Mense kan wel aanspraak maak daarop dat hulle liggaamlike nasate van Abraham is, maar tog kinders van die duiwel bly solank hulle nie in Jesus Christus en in wat Hy aan hulle geleer het, glo nie (Johannes 8:39-47). Jesus Christus sê: “As julle nie glo dat EK IS wat EK IS nie”, naamlik Die Een waarop Ek aanspraak maak, naamlik DIE EK IS WIE EK IS (JEHOWA of beter: JAHWEH) in Eksodus 3:14-15, “sal julle in julle sondes sterwe” (Johannes 8:24) – d.w.s., sal julle hel toe gaan!” Vergelyk ook Jesaja 40:3 met Markus 1:3!

### (5) Die broers van Jesus Christus.

*Lees.* Matteus 12:50; 28:10; Markus 3:35; Johannes 20:17; Romeine 8:29; Hebreërs 2:11-13,17; Jakobus 2:15-17; 1 Johannes 3:16-18; Matteus 10:14-16,40-42.

*Ontdek en bespreek.* Wie is “die broers” van Jesus Christus?

*Aantekeninge.*

**Die geringste broers van Jesus Christus.** Volgens Matteus 12:50 en Markus 3:35 noem Jesus Christus “elkeen wat die wil van God doen” en nie “die Jode nie” “sy broers”. Matteus 28:10 en Johannes 20:17 leer dat Jesus Christus sy dissipels “broers” noem. Volgens Romeine 8:29-34 word “dié wat God lank tevore verkies het en volgens sy besluit geroep, vrygespreek (letterlik: geregverdig) en verheerlik het” die baie broers van Jesus”. En volgens Hebreërs 2:11-13,17 word alle “mense wat geheilig word” en dus “kinders van God is” “broers van Jesus” genoem. Hulle behoort nou tot sy familie!

Dus, volgens Matteus 25:40 is “die broers van Jesus” alle mense wat hul aan Hom oorgegee het en in ’n geestelike verhouding tot Hom staan. Alleen hulle is ware Christen gelowiges. Hulle is mense wat uit genade deur geloof gered (verlos) is, ongeag hul oorspronklike ras, nasionaliteit, sosiale status, ens. Ongelowige Jode (en alle ander ongelowiges op die aarde) is NIE die broers van Jesus nie. Hulle is ook nie “die volk van God (Israel) nie en die God van die Bybel is nie hulle God nie” (Hosea 1:9)!

En “die geringste broers van Jesus” is ’n verwysing na Christene wat hulp nodig het, soos Christene wat honger ly, Christene wat eensaam is, Christene wat siek is, Christene wat in gevangenis vassit en Christene wat vervolgd word (sien Hebreërs 10:32-34; 13:3). Hierdie simboliese beskrywing van behoeftige Christene het parallelle beskrywings in Handeling 6:1-2, Jakobus 2:1-26 en 1 Johannes 3:16-20. Christene moet hul geloof in Jesus Christus en hul opregte liefde toon deur behoeftige Christene te help!

**Die geringstes van Jesus Christus (die uitgestuurde mense/sendelinge), die profete/predikers), die regverdiges/gelowiges).** Hierdie simboliese beskrywing van behoeftige Christene het ook ’n parallelle beskrywing in Matteus 10:40-42. Die konteks beskryf die uitsending van die volgelinge van Jesus Christus om die evangelie te

verkondig en dissipels te maak. Volgens Matteüs 10:13-16, wanneer ander hulle nie wil ontvang nie, moet hulle die stof van hul sandale afskud en die woonplek van hierdie mense verlaat. Op die laaste oordeelsdag sal dit meer draaglik vir die goddelose mense in Sodom en Gomorra wees as vir die goddelose en slegte mense in hierdie plekke. Maar mense wat hierdie uitgestuurdes van Christus wel ontvang, ontvang Christus Self en sy Sender, God die Vader!

Elke mens wat Christen dissipels in hul hoedanigheid as gesagdraende verteenwoordigers van Jesus Christus ontvang, ontvang Jesus Christus self.<sup>6</sup> Wanneer mense hierdie Christene met hul Nuwe-Testamentiese boodskap ontvang ondanks die moontlike teenstand en vervolging van hul bure (die nie-Christene, die aanhangers van ander godsdienste), dan ontvang hulle Jesus Christus self (Matteüs 10:40). “Wie ’n (opregte) profeet (beteken: ’n verkondiger wat deur die God van die Bybel uitgestuur is) ontvang omdat hy ’n profeet is, sal ’n profeet se beloning ontvang. “Wie ’n regverdige (ANV: goeie) mens ontvang omdat hy regverdig is (beteken: ’n mens wat deur geloof geregverdig is, ’n Christen is), sal die beloning van ’n regverdige ontvang. “Wie aan een van hierdie geringstes net ’n koue beker water gee omdat hy my dissipel is, sal sy beloning kry” (Matteüs 10:42). In die oë van die wêreld is hierdie dissipel onbeduidend en onbekend, maar in die oë van Jesus Christus is die geringste mens wat in Jesus Christus glo “sy eie dissipel!” “Wie aan een van hierdie geringstes net ’n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sal sy beloning kry.”

Watter beloning? Die Bybel belowe dat hy nou al vrede met God sal ervaar (Matteüs 10:13). “Vrede” is God se heelheid, welvaart, geestelike voorspoed en vryheid van angs, irritasie en morele konflikte. Die Bybel belowe dat Christus hom in die openbaar by sy wederkoms sal bely (Matteüs 25:34-36). En die Bybel belowe belonings in ooreenstemming met werke (Matteüs 16:27; 1 Korintiërs 3:12-14) wat bestaan uit alle moontlike seëninge wat God uit genade aan Christene gaan skenk op die laaste oordeelsdag (Matteüs 10:42).

## 6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

**Besprek.** Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

**Aantekeninge.**

### (1) Alle mense moet weet hoe God of Jesus Christus is.

By sy wederkoms sal Jesus Christus alle mense wat ooit op die aarde geleef het, oordeel! Niemand sal hiervan vryspring nie! Almal sal rekenskap moet gee aan Jesus Christus!

### (2) Christene moet weet hoe hulle hoort te wees.

Elke mens wat ooit op die aarde geleef het, sal geoordeel word op grond van sy/haar verhouding tot Jesus Christus en sy/haar gedrag teenoor Christus en Christene, ongeag hoe gering hierdie Christene ook al mag wees. Hy sal hulle oordeel om te kyk of hulle lewe (gedrag, werke) op hierdie aarde getuig van hul geloof in Jesus Christus, d.w.s., of hulle regtig as ’n ware gelowige in Jesus Christus geleef het.

<b>5</b>	<b>GEBED</b> (8 minute)	<b>[REAKSIES]</b> <b>GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD</b>
----------	-------------------------	---

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

<b>6</b>	<b>VOORBEREIDING</b> (2 minute)	<b>[OPDRAGTE]</b> <b>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</b>
----------	---------------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

- Toewyding.** Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
- Verkondig, onderrig of bestudeer** die gelykenis van “die skape en die bokke” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
- Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Miga 5, Haggai 2, Sagaria 14, Maleagi 3**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
- Memoriserings Herhaal** elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het. (16) Romeine 12:16, (17) Romeine 12:17, (18) Romeine 13:8, (19) Romeine 13:14, (20) Romeine 16:17.
- Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 16:1-27**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
- Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.

<sup>6</sup> Hiermee word nie die valse profete en valse leraars/verkondigers van valse leerstellings bedoel nie!